

November 2023

## NADERE BESONDERHEDE

### BOOTVAART IN NEDERLAND EN OP DIE YSSELMEER: 4 – 14 Mei 2024

**Prys: R53 995 per persoon plus lughawebelasting en foonitjies van ongeveer R7 482 en koste van visum en reisversekering**, wat volgens eie behoefte bepaal word (sien NIE INGESLUIT BY DIE TOERPRYS NIE).

#### INGESLUIT BY DIE TOERPRYS:

- Retoervlug met **KLM** vanaf **Johannesburg** na **Amsterdam** en terug vanaf **Amsterdam** na **Johannesburg** of **Kaapstad**
- Vervoer per luukse bus wanneer van toepassing
- Besoek Zaanse Schans en Keukenhof
- Opwindende bootvaart in Nederland en op die Ysselmeer. Alle kajuite het buitevensters en kyk uit op die rivier of die Ysselmeer
- Stap verskeie kere aan wal vir interessante besoeke aan idilliese dorpieë en stede wat eeue oud is en hul karakter behou het
- Drie etes per dag op die boot
- Afrikaanssprekende toerleiers vergesel groep

#### NIE INGESLUIT BY DIE TOERPRYS NIE:

- Lughawebelasting: Die lughawebelasting is gekoppel aan die wisselkoers en beloop vir die verskillende vlugte ongeveer R6 096
- Foonitjies: Toerleiers oorhandig dit namens u aan busbestuurders en bootpersoneel.  
Foonitjies per persoon: R1 386
- Visums: U benodig 'n Nederlandse Schengenvisum. Die koste beloop ongeveer R2 200 wat aan die visumaansoeksentrum betaalbaar is. Volledige inligting oor die visumaansoekproses volg later in 'n omsendbrief
- Reisversekering, waaroor u later volledige besonderhede sal kry
- Persoonlike uitgawes soos telefoonoproepe, aandenkings, drankies, ekstra verversings ens.
- Paspoorte – verkryging daarvan
- Vervoer na en van SA lughawens
- Binnelandse aansluitingsvlugte na O.R. Tambo-lughawe (indien van toepassing)
- Enkelverblyfbybetaling by benadering (indien van toepassing). Sien volgende punt

#### ENKELVERBLYF

Toerlede kan enkelverblyf op die MS Otello kry, mits hulle bereid is om 'n bedrag by te betaal: **R6 500**.

Alternatiewelik kan u versoek om met een van die ander enkellopende toerlede 'n kajuit te deel, indien u nie die enkelbybetaling wil maak nie.

#### INSKRYWING

'n Inskrywing is eers geldig wanneer ons u Inskrywingsvorm, Vrywaring en deposito ontvang het. Die Inskrywingsvorm moet volledig voltooi word met u **volle name soos dit in u paspoort verskyn!**

Nadat u ingeskryf het, ontvang u Omsendbrief 1 met alle nodige besonderhede in verband met klere wat u moet saamneem en dies meer. Daarna ontvang u nóg omsendbriewe met nuus en inligting.

#### BEREKENING VAN TOERPRYS

'n Toerprys bestaan hoofsaaklik uit die koste van die vliegkaartjie plus die landreëlings en kan aangepas word indien omstandighede buite ons beheer dit noodsaak. Die vliegkaartjie se prys verander nie. Die lughawebelasting kan verander aangesien dit aan die wisselkoers en brandstofpryse op die dag van uitreiking gekoppel is.

#### DEPOSITO

Die Toerdeposito beloop **R10 000 per persoon**.

## FINALE BETALING

Die volle toerprys plus alle ander geld (fooitjies, versekering ens.) vir die toer moet vóór **5 Januarie 2024** betaal word. (Tref asseblief vroegtydig die nodige reëlings dat u geld betyds beskikbaar is.) **LW: Soos met alle toere, is die prys van dié toer gekoppel aan faktore buite ons beheer wat die toerprys en toerprogram kan beïnvloed.**

## WYSE VAN BETALING

- Vliegkaartjies en lughawebelasting kan per kredietkaart of direk aan CvW-Toere betaal word. U sal op die Vliegkaartjiebestelvorm wat u met Omsendbrief 1 ontvang, u keuse van betaling kan invul.
- **Bankdeposito/EFT:** Die res van die toerprys (landreëlings) word direk aan Christine van Wyk-Toere betaal deur inbetalings/elektroniese oorplasinge, **nadat u inligting in 'n omsendbrief daarvoor ontvang het.**
- **Kontantinbetalings:** Alle geld wat in banknote inbetaal word, moet die ekstra kontantinbetalingskoste insluit. Vra asseblief u bank hoeveel dit beloop (ongeveer **1% van die inbetalingsbedrag** kan hiervoor begroot word).

### Bankbesonderhede:

**Christine van Wyk-Toere**

**Standard Bank Tjekrekening** (Lopende rekening / Current account)

Takkode: **051001**

Tjekrekeningnommer: **410 722 782**

**NB: Gebruik u voorletters en van as verwysing** (nie die toer se naam of u noemnaam nie) **met betalings!**

### **KANSELLASIE**

Indien u genoodsaak is om u toer te kanselleer, geld die volgende voorwaardes en terugbetalings:

Ingeskrewe toerlede wat vóór **5 Desember 2023** skriftelik kanselleer, kry **R9 500** per persoon van die toerdeposito terug. Toerlede wat **daarná, tot 5 Januarie 2023** kanselleer, kry **R9 000** per persoon terug. Indien 'n toerlid genoodsaak is om vanweë siekte te kanselleer voordat die finale toerprys betaal is (dit wil sê vóór **5 Januarie 2024**), word die volle deposito minus R500 per persoon by voorlegging van 'n doktersertifikaat terugbetaal.

Sodra die nodige reisversekeringspolis wat vir kansellasiedekking voorsiening maak, uitgeneem is, kan u, indien u moet kanselleer, u geld vanaf die versekeringsmaatskappy terugeis. Dit geld slegs indien die rede vir kansellasië kragtens die polis aanvaarbaar is. Volledige besonderhede oor reisversekering word aan almal wat inskryf, gestuur.

**Toerdeposito's van toerlede wat kanselleer, word terugbetaal sodra CvW-Toere u volledige bankbesonderhede skriftelik ontvang het.**

### **VLIEGKAARTJIES EN EIE VLUKTE**

Alle vliegkaartjies word deur **FERNWEH TRAVEL** uitgereik. Die toerprys sluit vliegkaartjies in, maar nie lughawebelasting en binnelandse aansluitingsvlugte na en van Johannesburg nie.

Indien u nie die groepvlug gebruik nie, kan die koste van die groepvliegkaartjie van die toerprys afgetrek word. Die afslag ter sprake is: **R11 490**

Konsessiehouers en persone met eie vlugte kan hulle in Amsterdam, of waar elders ooreengekom, by die toergroep aansluit

### **DIE BOOT**

Die **MS Otello** se kajuite is op verskillende vlakke. Die dubbelkajuite is dieselfde grootte en die sig vanaf albei dekke is uitstekend. Die kajuite het twee enkelbeddens en ingeboude kaste. 'n Aparte badkamerarea in elke kajuit beskik oor 'n stort, wasbak en toilet. Haardroërs en kluis is in al die kajuite beskikbaar. **Kajuite word toegeken volgens die datum van inskrywing.** 'n Mens is bedags selde in jou kajuit. Terwyl die boot vaar, kuier almal gewoonlik heerlik in die ruim sitkamer of op die dek. Die sitkamer het gemaklike stoele en die omgewing kan van daar deur die groot vensters bekyk word.

### **WEGBREKERS**

Dit is moontlik om voor of ná afloop van die toer op u eie te reis (met ander woorde van die bestaande toerprogram weg te breek). Die lugdiens hef 'n wegbrekersfooie van ongeveer R500 indien u u groepvlug wil aanpas.

**PASPOORTE (DRINGEND!)**

Maak asseblief seker dat u paspoort vir minstens 3 maande ná u terugkeerdatum uit Europa geldig is. Daar moet ook genoeg skoon bladsye, vir veiligheid minstens drie, in u paspoort wees. Dit is vir visums en doeanestempels.

**MINDERJARIGES WAT SAAM MET U REIS (Indien van toepassing)**

**BAIE BELANGRIK:** Alle visumaansoeke vir minderjariges moet saam met 'n oorspronklike *unabridged*-geboortesertifikaat ingedien word. 'n *Unabridged birth certificate* verskil van die standaardgeboortesertifikate wat deur Suid-Afrika se Departement van Binnelandse Sake uitgereik word. Dit bevat onder andere die kind asook albei ouers se volle name en identiteitsnommers op één, amptelike dokument.

Kontak ons indien u beplan om minderjariges saam met u op reis te neem.

**GESONDHEID EN TOERFIKSHEID**

Dit is vanselfsprekend dat iemand wat oorsee wil reis, se fisieke en emosionele gesondheid van só 'n aard sal wees dat hy/sy redelik onafhanklik oor die weg kan kom.

Hierdie toer is nie veeleisend nie, maar **toerlede wat nie onafhanklik oor die weg kan kom nie, moet 'n toermaat/familielid saamneem wat hulle kan help en na hulle kan omsien** sodat hulle nie heelyd van mede-toerlede afhanklik sal wees of die groep se belange op enige manier benadeel nie.

Basiese riglyne vir toerfiksheid is dat 'n mens onafhanklik in-en-uit 'n toerbus moet kan klim, onafhanklik 'n stel van 15 trappe, insluitend roltrappe, kan klim en jou eie handbagasie kan hanteer. U moet bereid wees om op eie koste 'n huurmotor te gebruik indien 'n besoekpunt tydens die toer vir u te ver is om te stap.